

Aarde se magneetveld trek kunstenaar aan

Uitstalling in swart, wit, silwer

Elretha Britz

ALLES in die Johannesburgse kunstenaar Jacki McInnes se uitstalling *De Magnete*, dus haar beelde, installasies en tekeninge, is wit, swart en silwer.

Wanneer jy hoor die rasionaal agter dié uitstalling in die Johannes Stegmann-galery in Bloemfontein is die bewaring van die aarde, dink jy onmiddellik "groen".

Maar McInnes het verby dié eerste loopgraaf gerek en die aarde se magneetveld as simbool ingespan vir die wyse waarop "die mens op die vernietiging van die planeet afstuur en 'n onseker toekoms binnegaan".

McInnes, wie se werk 'n sterk beeldhoukundige karakter het, gebruik dikwels lood as 'n metafoor vir stellings oor uiteenlopende kwessies, onder meer die mens se impak op die omgewing soos in *De Magnete*.

Om visueel voor te stel hoe die mens sy morele kompas verloor, gebruik McInnes veel meer as lood.


Die uitstalling bevat 'n groot versameling uiteenlopende objekte, soos steakmesse, gevonde voorwerpe, self gemaakte objek-



Converge



Ystervysels vorm 'n interessante patroon.



Force Field

pe. Ook mense wat nog nie van dié kunstenaar gehoor het nie, sal die uitbeelding prikkend vind.

Prestasies

Verskeie prestasies toon egter dat voortaan nog baie van McInnes gehoor gaan word.

Sy het pas die Sylt-stigting se kunstenaarsverblyf van twee maande op die eiland Sylt naby Hamburg, Duitsland, gewen.

McInnes sê die geleentheid kom op die regte tyd in haar loopbaan en sal haar "die tyd en ruimte gee om gedagtes rondom

Met dié prys bevind sy haar in die geledere van vorige weners soos Strijdom van der Merwe, Mbongeni Buthelezi, Paul Emmanuel, Berni Searle, Santu Mofokeng en Mary Sibande.

In 2010 was McInnes die wenner van die Sacatar-Spier-Kontemporêre Genootprys, wat haar twee maande se verblyf in Itaparica, Brasilië, besorg het.

Sy was nog nie eens gegradueer nie toe sy in 2000 die afdeling vir "ander medium" in die Nuwe Handtekening-kompetisie gewen het, en in 2004 is sy vir die Pro Helvetia-kunstenaarsver-

sy ook aan 'n uitstalling deelgeneem het.

McInnes het haar kunsstudie aan Unisa begin en 'n B.-graad verwerf waarna sy 'n meestersgraad aan die Michaelis-kunsskool in Kaapstad voltooi het.

Haar CV toon sewe solo-uitstallings en verskeie uitstallings waarvan sy die kurator was.

■ McInnes neem vandag om 10:00 belangstellendes op 'n inligtingstoer deur haar werk.

■ *De Magnete* kan nog tot 14 September in die Stegmann-galery op die UV-kampus besigtig

